> ‘Die Ouwingerd-projek bied aan elke wynmaatskappy die volledige pakket. Dit is ’n storie wat aan verbruikers verkoop kan word – een met outentiekheid en integriteit.’

trasie. Die tweede manier, die een wat vir my opwindend is, is om uitdrukking te gee aan die terrein waar die wingerd groei.

“Hopelik is die regte kultivar op die regte terrein geplant. Dit staan al só lank daar dat verskillende mikro-aanpassings gemaak is, soos die spesifieke mikrobes wat in die grond en op die druiwe voorkom. Dit is alles deel van die terroir. Ou wingerde tree soos vergrootglase op wat elkeen van die aspekte belig.”

Kruger is ingenome met boere en selfs koöperatiewe kelders se selfpolisiëringsbeleid. Terloops, die meeste ou wingerde is in die kelders se gebiede geleë.

“As ’n wyn nie op standaard is nie, onttrek die wynmakers dit self.”

Dit is ’n hoender-eier-situasie, meen Sadie.

“Jy het kapitaal nodig om goeie wyn te maak, maar jy het beter wyn nodig om kapitaal in die hande te kry. Iemand moet die inisiatief neem. Die plant kan nie, daarom moet ons dit doen. As ons nie die wingerde gaan regkry en soos grand cru-wingerde bewerk nie, gaan ons nooit die respek en prys daarvoor kry wat ons wil hê nie.”

## OUER STOKKE, DUURDER WYN

Vir elke jaar wat die wingerdstok in die grond staan, voeg dit ’n premie by tot die prys van ’n bottel wyn, toon navorsing deur mnr. Jonathan Steyn, sameroeper van die program vir wynbesigheidsbestuur en gasvryheidsleierskap by die sakeskool van die Universiteit van Kaapstad.

“Ou wingerde roep romantiese prentjies op van ’n tyd toe dinge beter was as vandag.” Steyn vra egter of die waarde wat geskep word, volhoubaarheid vir die bedryf skep. “Gaan dit terug na die produsente?”

Me. Siobhan Thompson, uitvoerende hoof van Wosa (die generiese uitvoerwynbemarkingsliggaam), sê die Ouwingerd-projek het beslis gehelp om erfeniswaarde en hoër pryse vir Suid-Afrikaanse wyn te bewerkstellig.

“Die Ouwingerd-projek het wondere verrig en ons gehelp om vinnige reaksie en aanvaarding op internasionale markte te kry. Dit alles help om Handelsmerk Suid-Afrika se waarde te verhoog.”

Volgens haar is topgehalte wyne noodsaaklik as Suid-Afrika respek wil afdwing in die internasionale wynwêreld.

“Ou wingerde bied daardie waarborg van gehalte omdat dit al soveel jare opgepas en versorg word. Dit is ’n sterk ondersteuner van gehalte.”

Arnold sê dit gebeur in ’n tyd waarin dit broodnodig vir die wynbedryf is om sy waarde te verhoog.

“Die Ouwingerd-projek bied aan elke wynmaatskappy die volledige pakket. Dit is ’n storie wat aan verbruikers verkoop kan word – een met outentiekheid en integriteit. Wie ook al vir die wingerd verantwoordelik is, moet seker maak die druiwe is uitstekend. Die wynmakers moet uitstekende wyn daarvan maak. Dan is die bemarkingspan daarvoor verantwoordelik om die waarde verder te verhoog.”

Fridjhon sê die druiwe uit die Ouwingerd-projek lei tot pryse “waaroor die wingerd-eienaars voorheen nie kon droom nie”. Die projek het beslis kommersiële sukses.

“Die ou wingerde is egter ’n beperkte hulpbron. Jy kan nie die proses versnel nie. Jy kan nie ouwingerd-druiwe kry, tensy jy ou wingerde het nie.”

Daarom is dit so belangrik om seker te maak jong wingerde word opgepas om ook eendag senior burgers te word. **LBW**


